

Gepubliseer op:

# Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

[www.enigstetroos.org](http://www.enigstetroos.org)



# Sondag 42

## Agtste Gebod

### Dr AH Bogaards

Lees: 1 Korintiërs 6

Teks: 1 Korintiërs 6:10,11

HK: Sondag 42 (Kandelaar Wet nr 11)

Datum: 12 September 2010

Psalms: Psalm 8:1,2; Geloofsbelydenis; Psalm 8:3,4,5; Psalm 8:6,7; Psalm 15:1,5

#### 1. Inleiding:

In die agtste gebod gaan dit *oor ons besittings en ons naaste se eiendom*. Nee, dit gaan **oor meer:** dit gaan **oor God se eiendom** en hoe ons Hom en ons naaste met sy besittings dien.

Ons staan stil by drie gedagtes:

1. Ons besittings en ons rentmeesterskap
2. Ons sondeval en ons rentmeesterskap
3. Ons verlossing en ons rentmeesterskap

#### 2.1.Ons besittings en ons rentmeesterskap

Die Here is Eienaar van alles. Dit spreek vanself, want Hy het alles geskape. Psalm 24:1, 2 sing daarvan: “Die aarde behoort aan die HERE en die volheid daarvan, die wêreld en die wat daarin woon; *want* Hy het dit gegrond op die seë en dit vasgestel op die strome.”

Nou weet ons: God het die mens geskape na sy beeld (Gen 1:26). Dit beteken: Ons is aangestel as *onderkonings* is. En as onderkonings moet ons heers oor God se skeppingswerk, oor sy eiendom. MAAR ... dit bly die eiendom van die groot Koning.

Ons is slegs rentmeesters. In Lukas 16:1-9 word die beeld van *rentmeester* gebruik. 'n Rentmeester was iemand wat deur die eienaar aangestel is oor sy besittings. Die eiendom bly egter die eienaar se eiendom. Die rentmeester moes die eienaar se besittings so beheer en so gebruik dat die eienaar, en nie hy self nie, daardeur verryk word. Op 'n stadium moes die rentmeester ook rekenskap aflê van dit wat hy met die eienaar se goed gedoen het.

## 2.2. Ons sondeval en ons rentmeesterskap en God se gerig

God het die mens goed gemaak: 'n goeie onderkoning en 'n goeie rentmeester.

Maar die mens was en is nie tevrede daarmee om net onderkoning en rentmeester te wees nie. Ons wil self God, self eienaar wees (Gen 3:5, 6). Deur die sondeval sien ons nie meer ons aardse goedere as God se eiendom nie: Dit is *myne* en ek sal maak daarmee *wat ek wil*. Ons ou mens wil God en my naaste nie daarmee dien nie, maar dit gebruik in eie belang.

MAAR in 1 Korinthiërs 6:10 sien ons in 'n hoe 'n ernstige lig God dit sien hoe ons met sy eiendom omgaan. Want daar spreek **God sy oordeel** uit onder andere oor die sonde teen die agtste gebod. Ook *diewe, gierigaards en rowers* word genoem. En ook oor diewe word die ernstige woord uitgespreek: *Hulle sal die koninkryk van God nie beërwe nie.*

Ja, en dan kom daardie dag dat die Eienaar sal terugkom op die wolke van die hemel. Op daardie dag sal Hy van ons **rekenskap** eis oor wat ons met sy goed gemaak het.

Daarvan lees ons in Matthéüs 25:31-46, in die profesie van Christus se wederkoms: As Hy weerkom op die wolke van die hemel, sal Hy skeiding maak tussen die skape en die bokke. En dan sal die Regter die mense aan sy linkerhand, die bokke, juis veroordeel vanweë hulle optrede teenoor hulle naaste en onder ander oor hoe hulle hulle naaste met hulle goed gedien het. Want vir die bokke word gesê: “Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele. Want Ek het honger gehad, en julle het My nie te ete gegee nie; Ek het dors gehad, en julle het My nie te drinke gegee nie. Ek was 'n vreemdeling, en julle het vir My nie herberg gegee nie; naak, en julle het My nie geklee nie; siek en in die gevangenis, en julle het My nie besoek nie. Dan sal hulle Hom ook antwoord en sê: Here, wanneer het ons U honger gesien of

dors of 'n vreemdeling of naak of siek of in die gevangenis, en U nie gedien nie? Dan sal Hy hulle antwoord en sê: Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit nie gedoen het aan een van hierdie geringstes nie, het julle dit aan My ook nie gedoen nie.” (Matt 25:41-45)

In Christus se oordeel in Matthéüs 25:41-45 is duidelik dat Hy dit wat ons aan ons naaste doen so uitlê dat ons dit aan Hom doen. Sonde teen ons naaste is sonde teen God.

Uit dit alles is dit duidelik: Hoe ons omgaan met God se besittings, is geen kleinigheid nie.

En nou moet ons weet: Van nature gaan ons almal verkeerd om met God se eiendom. In Adam het ons almal egoïste, diewe, gierigaards geword.

Dit bring ons by die volgende:

### 3.3. Ons verlossing en ons rentmeesterskap

1 Korinthiërs 6 vers 10 verkondig God se oordeel onder andere oor oortreders van die agtste gebod: *diewe, gierigaards en rowers*.

Daaraan het van die gemeentedelege van Korinte ook deelgeneem, want in vers 11 staan: *En dit was sommige van julle*.

Maar nou is dit opvallend: Dit staan in die verlede tyd: *En dit was sommige van julle*. Hierdie mense was diewe, onregverdiges, mense wat die koninkryk van God nie sou beërwe nie. Hulle was uitgesluit uit die koninkryk van God.

Maar in hierdie doodsituasie van hulle het daar 'n verandering gekom. Vers 11 wys wat die wending gebring het: “... *maar* julle het jul laat afwas, *maar* julle is geheilig, *maar* julle is geregverdig in die Naam van die Here Jesus en deur die Gees van onse God.”

Drie maal staan daar die woord *maar*: maar julle het jul laat afwas, maar julle is geheilig, maar julle is geregverdig. Die MAAR word DRIEMAAL HERHAAL om die groot BELANGRIKHEID van die afwas, die geheilig en die geregverdig STERK te BENADRUK. En aan die einde van die vers staan daar: *in die Naam van die Here Jesus en deur die Gees van onse God*. Dit moet ons lees by elkeen van daardie drie maar's: maar julle het jul laat afwas *in die Naam van die Here Jesus en deur die Gees van onse God*, maar julle is geheilig: *in die Naam van die Here Jesus en deur die Gees van onse*

**God, maar** julle is geregverdig: *in die Naam van die Here Jesus en deur die Gees van onse God.*

Deur die MAAR VAN GOD SE GENADE *in die Naam van die Here Jesus en deur die Gees van onse God* was hierdie mense van Korinte nie meer wat hulle was nie. God die Vader het deur Christus en sy Gees die wedergeboorte gebring. Hulle is afgewas, gereinig, geregverdig van diewe tot rentmeesters.

By hierdie drie maar's wil ek kortliks stilstaan, by die afwas, die geheilig en die geregverdig wil ek kortliks stilstaan:

1. Julle het julle laat *afwas*: Dit sien op hulle doop. Deur die doop is hulle skuld deur die bloed van Christus afgewas; deur die doop het hulle deelgekry aan die afsterf van die ou mens, die dief-mens, en het hulle deelgekry aan die opstanding van die nuwe mens, die rentmeester-mens.

Maar ons sal goed moet verstaan: Dit het nie somer so outomaties gebeur net omdat hulle gedoop, omdat hulle afgewas is nie, maar *in die Naam van die Here Jesus en deur die Gees van onse God*. Daardie *in die Naam van die Here Jesus en deur die Gees van onse God* beteken: deur hulle geloofsverbondenheid aan die Naam van die Here Jesus en deur die werking van die Heilige Gees.

Die tweede en derde maar, maar julle is *geheilig*, maar julle is *geregverdig*, moet ons sien as nadere verklaring van die afwassing:

2. Maar julle is *geheilig*. Deur die krag van die kruis en opstanding van Christus is julle geheilig, is julle afgesonder vir God, is julle geplaas onder die genadeheerskappy van Christus, het julle nuwe mense, ware rentmeesters van God geword.
3. En dan die laaste maar: Maar julle is *geregverdig*, skoongewas van julle skuld ook ten die agtste gebod.

Christus het gekom om ons weer rentmeesters te maak. Die Gees van God die Vader pas toe wat Christus bewerk het.

In ons Kategismus sien ons wat ONS **was** in Adam en wat ONS **is** in in die Naam van die Here Jesus en deur die Gees van onse God is.

#### **IN VRAAG EN ANTWOORD 110 SIEN ONS ONS OU MENS VOOR ONS**

Ek sê met nadruk: ONS ou mens. Want ons kan maklik by die agtste gebod dink: O, hier gaan dit oor mense wat daadwerklik 'n bankberooft of winkeldiefstal pleeg. En – dit het ek tog nie gedoen nie?

Maar so maklik laat ons belydenis ons nie los nie. Ons Kategismus laat ons sien dat dit in die agtste gebod oor meer gaan as maar net daardie **diefstal wat die owerheid straf** en dat hierdie gebod ook elkeen van ons met die vinger aanwys as oortreders.

Want ons kan ook so steel dat niemand daarvan weet nie, of goed van my naaste bekom op 'n manier wat nie deur die owerheid gestraf word nie.

Dink maar by hierdie antwoord ook dink aan sondes soos dobbelary en lotery. Daardeur bekom ons ons naaste se geld sonder dat ons daarvoor gewerk het. In die oë van die wêreld en voor die owerheid is daar niks daarmee verkeerd nie. Dit het **'n skyn van reg**. En so is daar nog baie meer maniere om my naaste te besteel: deur te veel rente te vra, te duur vir 'n produk te laat betaal, hom te laat betaal vir werk wat nie op standaard is nie, vir werk wat ek as staker nie gedoen het nie, ens.

Maar nog is ons Heidelberger nie klaar met ons nie. **Nie net** die manier waarop ek omgaan met **my naaste se goed** is ter sprake nie. **Ook my eie besittings** en hoe ek dit aanwend of nie aanwend nie. As ek **gierig** is, as ek my geld mors op weelde-artikels in eiebelang, as ek my naaste nie wil dien met my goed nie, as ek nie barmhartig is nie - dan is ek 'n oortreder van die agtste gebod.

➔ So lyk die ou mens in ons dus.

#### **IN VRAAG EN ANTWOORD 11 KRY ONS OPSTANDING VAN DIE NUWE MENS IN ONS, DIE OPSTANDING VAN DIE RENTMEESTER**

Hier sien ons ons naaste weer in die sentrum staan: **Ek moet die belange van my naaste, waar ek kan en mag, bevorder.**

En verder: **Ek moet my naaste so behandel soos ek wil hê dat hy my moet behandel.** Daarmee gryp ons Kategismus terug na Mattheüs 7:12: "Alles wat julle dan wil hê dat die mense aan julle moet doen, net so moet julle aan hulle ook doen; want dit is die wet en die profete."

Ons moet die woorde van Mattheüs 7:12 nie losmaak van die voorafgaande vers nie. Daarby moet ons ook nie die laaste woorde van vers 12 ("want dit is die wet en die profete") uit die oog verloor nie. In vers 11 sê Jesus: "As julle wat sleg is, dan weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemele is, goeie dinge gee aan die wat Hom bid!" Daarop volg die woorde "Alles wat julle *dan* (daarom – AHB) wil hê dat die mense aan julle moet doen, net so moet julle aan hulle ook doen; want dit is die wet en die profete." In vers 11 (ons Vader en die goeie dinge wat Hy ons gee op ons gebed) en in die woorde "want dit is die wet en die profete" word die motivering gegee waarom **ek my naaste so moet behandel soos ek wil hê dat hy my moet behandel.** God eis dit van my in die Bybel (die wet en die profete) en sy goeie gawes (Matt 7:11) dring my. Ek doen nie goed aan my naaste omdat hy aan my goed doen nie, maar ek doen aan hom goed omdat God aan my goed doen en dit van my eis in sy Woord.

En dan kom die belydenis ook by ons werksplig en –trou: **Daarby moet ek ook my werk getrou doen, sodat ek die behoeftiges in hulle nood kan help.**

Wie lui is en nie wil werk nie, benadeel nie alleen homself nie, maar ook sy naaste.

Ons werk nie maar net vir onself en om onself te verryk nie, maar **sodat ek die behoeftiges in hulle nood kan help.** Dit is wat Efesiërs 4:28 ons leer: "Laat die een wat steel, nie meer steel nie; maar laat hom liever arbei deur met sy hande te werk wat goed is, *sodat hy iets kan hê om mee te deel aan die een wat gebrek het.*"

### 3. Slot

Ons besittings, die gawes van God, is *genadegawes*. Ons verdien niks nie, maar om Christus wil skenk God dit aan ons. Maar dit bly syne, sodat ons Hom en ons naaste deur Christus daarmee sal dien.

AMEN